Waterkruik

JAARGANG 61 NO 46 17 November 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENS VANDAG

Ds. Gerben is met naweekverlof.
Br. Theuns de Bruyn, ons gemeente se finalejaar teologiese student, lei beide eredienste.

Ons bid jou die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 5 & 6
Oudle.: Br. Neels Kloppers
Br. Jacques Tredoux
Diakens: Br. Riaan Reinecke
Br. Otto de Vries
Br. Eric Danielz
Br. Theuns van Wyk

Aand: Wyke 7 & 8
Oudle.: Br. Andries de Kock
Br. Jantus van der Linden
Diakens: Br. Louw Lemmer
Br. Braam Smith

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonie
By die deure : Kerkkas

" Ek sal die lof van die Here verkondig. Laat al wat leef, sy heilige Naam vir altyd prys. "
Psalm 145 : 21

TEESKINKBEURTE

Die susters van wyk 22, olv Mariska Steenkamp, nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag:
19:30 Oorsig NGB Pastorie en Aanlyn

Donderdag:
09:30 Bybelstudie in konsistorie

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Die Here sal jou altyd lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak." Jesaja 58:11

Maandag 18 November
Sr. Annalette du Plessis 079 900 9396
Sr. Rhoda Erasmus 082 976 6247

Dinsdag 19 November
Catharine Kumm (10) 083 492 8227
Sr. Nita Labuschagne 082 490 4111

Woensdag 20 November
Elzaan Hermann (17) 082 565 4441

Donderdag 21 November
Br. Gerhard Vermaak 082 552 7602
Sr. Marie Vos (91) 065 377 9977

Vrydag 22 November
Br. Herman Bonnet 071 871 2288
Sr. Klarissa Engelbrecht 079 876 6451
Philippa Stronkhorst (9) 083 675 3198

Saterdag 23 November
Sr. René Janse van Rensburg
072 262 5050

Hartlik geluk aan sr. Nita Labuschagne wat Dinsdag haar 87ste verjaardag vier en sr. Marie Vos wat Donderdag haar 91ste verjaardag vier. Mag die Here julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar. Mag julle elke dag God se genade en liefde ervaar.

"Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie."
Openbaring 3:10

MEELEWING

Ons is saam met *sr. Anet le Roux* en haar familie baie dankbaar dat sy `n geslaagde rugoperasie ondergaan het. Sy sterk nou aan in die Groenkloof Stepdown. Ons bid jou volkome herstel toe. 066 542 1274

Br. Theuns de Bruyn, ons gemeente se teologiese student, verskyn Dinsdag-aand voor die klassis om ondervra te word met die oog op sy Beroepbaarstelling. Mag God aan jou die kalmte, wysheid en insig gee om jou beste te kan weergee. 072 151 9185

Hartlik geluk aan *br. Gert* 082 787 6537 en sr. *Franske* 082 733 6513 *Wibbelink* wie se jongste dogter volgende Saterdag in die huwelik tree. Ons bid haar en haar huweliksmaat die Here se rykste seën toe. Mag julle as familie saam met haar `n mooi en geseënde dag beleef.

DANKIE

Br. Coen Labuschagne, 'n man van 87. Swak nierfunksie, ureum in bloed. Haemoglobien nie heeltemal waar dit moet wees. En geen enkele komplikasie gedurende operasie en sover daarna. Die Here se genade is groot. Ons Here is in beheer.

Dankie vir julle almal se gebede en besoeke. Coen. 082 490 4111

BRILLE

Daar lê op die oomblik genoeg verlore brille agter in die kerk om 'n winkel oop te maak. 😊 Indien jy jou bril soek of dalk een nodig het, kan jy kyk of daar iets na jou smaak is. 🤓

KERKRAADAFSLUITING krieketwedstryd.

Die ouderlinge en diakens het verlede Saterdag hulle gebruiklike jaarlikse afsluiting in die vorm van 'n krieketwedstryd gehad. En raai wie het gewen? Die ouderlinge het op die telling gewen, maar beide spanne het 24 kolfbeurte gehad.

Daarna het hulle heerlik saam gesmul aan 'n skaap wat tydens die wedstryd op die spit gebraai is.

Dit is só wonderlik en besonders dat daar so 'n goeie gees onder die Kerkraadslede heers. Ek glo daar is baie gemeentes wat wat sou gee vir 'n Kerkraad met so 'n gees en gesindheid!

GEMEENTE-ETE

Verlede Sondag, na die viering van die Heilige Nagmaal, het ons gemeente vir die laaste keer hierdie jaar saam ge-eet.

Saterdagaand is daar tot 8uur gepak aan die plaveisel om dit vir ons toeganklik te maak tot in die saal.

Sondagoggend, nadat ons al lekker buite gekuier en koffie gedrink het, kon almal gaan aansit aan mooi gedekte tafels en smul aan heerlike koue-ete wat bestaan het uit hoenderboudjies, tong met mosterdsous en pastramie en lekker komkommerslaai, noedelslaai en aartappelslaai. Die kos was baie lekker en daar was soos gewoontlik meer as genoeg vir almal. Die ete is afgesluit

met die beste nagereg, roomys met sjokoladekoekiekrummels, lekkertjies en sprinkels.

Om van die lekker saamkuier en lag nie eers te praat nie. Die saal het behoorlik gegons. En die kinders het 'n fees gehad in die "tuin in wording".

Baie dankie aan sr. Daleen Hoogenboezem en die susters van wyke 16, 17, 18 en 21. Alles was keurig en almal het dit baie geniet.

Dit is so 'n voorreg om deel te wees van 'n gemeente waar almal in vrede en harmonie saam woon en kuier. Selfs ons kindertjies speel in vrede saam.

Die susters word gevra om asb hulle bakke wat in die kombuis agter gebly het, te haal.

JEUG VAN GISTER KUIER

Die afgelope Dinsdag het 'n groepie van ons alte lekker gekuier om 'n koppie tee en koffie, natuurlik met 'n lekker eetdingetjie daarby. Hartlike dank aan almal wat bygedra het tot dié bederf. Daarna Het Christiaan Jordaan van die Voortrekkermonument ons ingelig oor die aktiwiteite wat daar aangebeid word. Die seniors is gevra vir insette hoe die bestuur van die Voortrekkermonument besoeke vir ouer mense meer toeganklik en sinvol kan maak. Raad is lustig gegee en ek glo Christiaan kon 'n mondvol terugrapporteer. As dankbetuiging vir ons medewerking is die senior lidmate van die gemeente genooi vir 'n gratis begeleide toer in 2025. Met hierdie kuiertjie is ons werksaamhede vir die jaar afgesluit. Kom kuier gerus volgende jaar saam ons.
Rina Steenkamp en An Venter

Die oggend word afgesluit met vrugteslaai en roomys.

SANGGROEP

SANGGROEP: belangrike oefening
Sondagmiddag om 16:30

BEROEPENUUS

Beroepe bedank
Ds PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Die Kandelaar

Ds DG (Dinant) Zwemstra van GK Strand na GK Benoni



KERKBLAD

50% Vergrote Desember/ Januarie uitgawe vir slegs R40!

Kersfees: Ses oordenkings oor die **lofsange met die geboorte van Christus** deur verskeie predikante

Geloftedag: Dr. Danie Langner oor die wonder van Bloedrivier en Ds. Cassie Aucamp se preek.

PROGRAM VIR DIE RES VAN 2024

Saterdag 23 November

10:00 Jong Lote Afsluiting Pastorie

Sondag 24 November

09:00 Erediens **Kersprogram**

Vrydag 28 November Belydeniskamp

Woensdag 25 Desember Kersdiens

BRIEWE IN DIE BYBEL

In die Nuwe Testament is 21 van die 27 boeke briewe. Dit maak natuurlik sin dat mense nie ons tegnologie gehad het in die destydse samelewing nie! Hulle kon nie gou 'n boodskap of 'n e-pos stuur om inligting oor te dra nie. Daarom het hulle briewe aan mekaar geskryf.

Die woord sendbrief of epistel (*epistle* in Engels) word gebruik om na die briewe in die Bybel te verwys. Dit kom van die Griekse woord *epistolé*, wat "brief", "boodskap" of "versending" beteken. In Hebreeus is die woord *iggerah*. Dit beteken ook "brief" en is hoofsaaklik gebruik vir boodskappe – lang, amptelike, formele briewe, gewoonlik van iemand belangrik af. Ons praat dus hier van briewe wat belangrik is; wat met 'n doel geskryf is.
Die Bybel is die Woord van God, ons weet dat die Heilige Gees deur die apostels met ons praat. Paulus self verduidelik dit vir ons in 1 Korintiërs 2:12-13

Die briewe wat in die Bybel opgeneem is, is verseker nie die enigste briewe wat in die Nuwe Testamentiese tyd geskryf is nie. Dit is net dié wat deel geword het van die Skrif toe dit opgestel is. Vir gerief praat ons van alle soorte boeke in die Bybel as boeke, of dit nou briewe, liedere, preke, gebede of poësie is.

Briewe was 'n goeie manier van kommunikasie

Paulus, Petrus, en ander Bybelskrywers het briewe aan gemeentes geskryf wat aan die gemeentes tydens die eredienste voorgelees moes word. Wat ons byvoorbeeld uit die briewe aan Korinthe kan aflei is dat die gemeente ook briewe of boodskappers na Paulus gestuur het met sekere vrae.

Kyk byvoorbeeld na 1 Korintiërs waar Paulus skryf dat hy 'n beroep op die gemeente doen om eensgesind te wees.
1 Korintiërs 1:11

Paulus sou hulle dan met briewe antwoord wat hy aan hulle sou stuur as hy nie self na hulle toe kon kom nie. Die briewe is dan ook onder gemeentes uitgeruil om hierdie inligting te deel.

1 Kolossense 4:16
Ons sien ook dat die skrywers reeds ín hul briewe skryf hoe dit aan alle gelowiges verkondig moet word

*1 Tessalonisense 5:27*Ons kry daaruit 'n unieke blik op die kerke van die eerste Christene. Dit is ook interessant om te sien dat mense in daardie tyd dikwels met dieselfde goed worstel, as ons vandag.

Waarom is daar eers in die Nuwe Testament briewe?
In die Ou Testament was die boekdrukkuns nog nie so ontwikkeld soos in die Nuwe Testament nie (wat ook maar nog baie gebrekkig was). Hulle het in die Ou Testament inligting mondelings aan die volk oorgedra. Later het die Here profete gestuur wat mondelings moes profeteer. En tog het hulle soms sekere dinge moes neerskryf vir almal om te sien.

Soos wat die skryftegnologie vooruitgegaan het kon hulle oorgaan na die skryf van meer briewe. Wat 'n brief ook so besonders maak is dat dit vas in ink is. Dit kan nie weer sommer verander word nie.

Briewe in die Ou Testament
Ons lees nie spesifieke briewe in die Ou Testament nie, maar daar is heelwat verwysings na mense wat briewe uitgestuur het.

Hier is 'n paar voorbeelde:
2 Samuel 11:14-15
Dawid het geskryf toe hy beplan het dat Urija moet doodgemaak word in die oorlog sodat hy sy vrou kan kry.
1 Konings 21:8
Isebel het in haar man se naam briewe geskryf dat Nabot doodgemaak moet word, sodat Agab sy wingerd kon kry.

Daar is nog voorbeelde van briewe wat gestuur word in onder andere Jesaja, Jeremia, Esra en 2 Konings.

Briewe in Openbaring
Daar is ook ander briewe wat besonders is, en dit is die sewe briewe wat ons in Openbaring 1 tot 3 vind. Daar word die sewe gemeentes van Asië geprys vir sommige dinge wat hulle doen. Dié gemeentes word ook aangespreek en vermaan vir sommige dinge wat hulle nie doen nie. Tog staan daar elke nou en dan 'n besondere frase: wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê (Openbaring 2:7). Hierin sien ons dat die briewe nie net aan die een spesifieke gemeente gerig is nie, maar aan al die gemeentes. Die getal sewe in die boek openbaring wys ook op volmaaktheid wat wys op die kerk in haar volheid.
Die briewe is dus nie net beperk tot die kerke van destyds nie, maar ook vir ons as gemeentes vandag. As ons 'n oor het moet ons hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Ook die briewe van Johannes, Petrus, en Paulus wat ook in hierdie gemeentes gearbei het.

deur ds Werner Brotherton

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT **SKRIBA**
Ds. Gerben Meijer Gert Wibbelink
062 279 4469 082 787 6537

VOORS DIAK **OUDL. SKRIBA**
Herman van Heerden Gert Wibbelink
082 604 3352 082 787 6537

ORRELIS **SONDAGKOSTER**
Ansie Wichmann Riaan Reinecke
072 605 8675 079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan

Die Kerk Almanak vir 2025 is in die konsistorie beskikbaar. Dit is gratis maar 'n donasie sal waardeer word. Die Almanak kos R130.